
Die KEKKELBEK *nuusbrief*

# DIE KEKKELBEK

## NUUSFLITSE

**JAARGANG: 28 UITGAWE: 4**

**SUID AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE**





# SAWA STREEK VAALRIVIER

**Februarie 2009**

INHOUDS OPGAWE

3 Redaksie
4 Boekevat
5 Voorsitter / SAWA se leiers gesels
6 Algemeen / volgende kamp
7 Potjiekos resepte
8 Kampe 2009
9 Foto blad
10 Foto blad verv.
11 Foto blad verv.
12 Foto blad verv.
13 Vorige Kamp
14 Pensioenaris hoekie.
15 Verjaardsdae, huwelikher-denkings—lief en leed
16 NUB Christo vd Merwe
17 Grappies
18 Nog fotos
19 Vaaldriehoek Bestuur
20 Brood resepte

**Gewaardeerde Sawanant,**

**Terwyl ek by my venster uitstaar na die reën wat in oorvloed val, dink ek hoe bevoorreg ek is om deel te wees van die SAWA Vaalrivier streek, want hier het ek vriende en goeie geselskap ook in oorvloed, dan besef ek dat ek voorwaar geseend is.**

**Net soos die verbasende reënval syfers het ons as SAWANANTE ook 'n verassing met die vorige kamp beleef. Oppad na Amigos Kampeerterrein te Ventersdorp het ek (en ek glo vele ander) gewonder hoe ons sou kamp in die druppende weer. Daar aangekom kon ek skaars my woonwa erken want dit was 'n ander kleur as gevolg van modder en reën. Ek het hom gewas voordat ons die tent opgeslaan het. Groot was die verbasing, die kamp was wonderlik omdat die son deurgebreek het en ons almal se naweek met vrolikheid bestraal het.**

**Ek was baie skepties oor die leë dam en het toe besef dat daar beslis 'n rede met die reënval is ...al voel ons dat dit ontydig is wanneer daar reën in oorvloed op 'n kampnaweek is, God het 'n doel met alles! Uiteindelaaste het die visvang vir groot vermaak gesorg. Die kompetisie is deur Enslin en Kriel gewen vir grootste vis en swaarste sak . Daar is voorwaar baie visse in die dam dit hang net af van die aas wat mens gebruik. Daar was party hengelaars wat met ongelooflike vaardigheid hulle sport beproef het en tog het dit maar weer gewys dat 'n persoon is maar net gelukkig as die vis aan jou hoek byt. Dit is nou afgesien van die harde werk van die ouens wat met hulle vlieghengel stokkies gemors het onder die geelvissies (wat onmiddelik teruggegooi was. )**

**Die son het ons goed gebrand op die byna windstil dag. Dit is 'n pragtige oord en persoonlik dink ek ons moet weer daar gaan kamp. Dit bied ook afgesien van visvang 'n koue en warmwater swembad met 'n gratis glybaan wat die kinders nogal besig gehou het.**

**Sondag oggend het ons vinnig tente opgepak toe die weer opgesteek het. Dit het egter nie gereën nie en ons kon weer langsamerhand die laaste dinge doen voordat ons die terugtog aangepak het.**

**Ons volgende kamp is by Suikerbosrand en dit belowe om prettig te wees. Ek hoop om almal daar te sien. Dit is 'n nuwe jaar. Begrawe asseblief hierdie jaar al die strydbyle en kom ons kuier heerlik saam in hierdie wonderlike enig in sy soort klub in die wereld.**



**Groete**

**Redaksie.**

***In die volgende uitgawe gee ek twee wenke wat baie handig is—moet dit nie mis nie!!!—Red***

# BOEKEVAT

Maak seker jy lees alles, van die eerste tot die laaste woord.

Ek het byna nie, maar het seën ontvang toe ek by die einde daarvan kom.

Here, toe ek hierdie brief ontvang, het ek by myself gedink: hiervoor het ek nie tyd nie...

Ook is dit eintlik onvanpas gedurende werktyd. Maar toe kom ek tot die besef dat hierdie denkwyse is... Presies wat 'n menigte probleme in die wêreld van vandag veroorsaak. Ons probeer om God te beperk tot binne die kerk op Sonda-goggend... Miskien ook Sondagaand... En binne die onwaarskynlike diens op 'n weeksdag. In tye van siekte, wil ons hom graag daar hê...En, natuurlik, by begrafnisse. Nietemin, gedurende werktyd en wanneer ontspan word, het ons nie vir hom tyd of plek nie...Want... Daardie deel van ons lewens, na ons mening... Kán ons, en behoort ons, self te behartig. Mag God my vergewe dat ek ooit gedink het... Dat daar 'n tyd en 'n plek is waar HY nie die EERSTE plek in my lewe moet inneem nie.

Ons behoort voortdurend tyd te hê om alles in herinnering te roep wat HY vir ons gedoen het. As jy nie te skaam is om dit te doen nie... Volg dan asseblief die volgende aanwysings.

Jesus het gesê,"Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam ..... vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader..." (Mar. 8:38).

Jy ís nie skaam nie? Lees dan verder...

Ja, ek hét God Lief. HY is die bron van my bestaan en my Redder. Hy hou my funksioneel elke en iedere dag. Sonder Hom sal ek niks wees nie. Sonder Hom is ek 'n nul. Maar, ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee (Fil. 4:13). Hierdie is die eenvoudigste toets. As JY God Liefhet; En nie skaam is oor al die wonderbaarlike dinge wat HY vir jou gedoen het nie, dra hierdie aan jou geliefdes en vriende op!

***DIE GEDIG***

***Ek het gekniel om te bid, maar soveel het my te doen gestaan, dus was dit van korte duur.***

***Ek moes my na my werkplek haas, anders kon dié aan wie ek iets skuld, my aangluur.***

***Derhalwe het ek gekniel, gou 'n gebed gedoen; en vinnig van my knieë opgestaan.***

***My Christelike plig was tog nou nagekom, so my siel kon in rustigheid weer voortbestaan.***

***Die ganse dag het die tyd ontbreek om 'n woord van bemoediging teenoor iemand te spreek.***

***Geen tyd is gemaak om met vriende oor Christus te praat - hulle kon met my die draak steek..***

***Geen tyd, geen tyd, te veel om te doen, dit was my voortdurende klaaglied.***

***Geen tyd afgestaan aan siele in nood, maar eindelik baie tyd: dit wat die dood aan my bied.***

***Met neergeslane oë het ek voor die Here verskyn en daar moes ek staan en bewe,***

***Want in Sy hand het God 'n boek gehad: dit was die Boek van die Lewe.***

***"Jou naam verskyn nie in my Boek nie", sê God toe Hy met my spreek,***

***"Ek wou dit op 'n keer neerskryf, maar die tyd daarvoor het ontbreek". Het jy nou die tyd om dit deur te gee?***

**Maklik vs. Moeilik**

***Waarom is dit so moeilik om die waarheid te praat en tog so maklik om 'n leuen te vertel?***

***Waarom word ons so vaak in die kerk maar skielik nugter wakker onmiddellik na die preek verby is?***

***Waarom is dit so moeilik om oor God te praat terwyl dit maklik is om oor lelike dinge te praat?***

***Waarom is dit so vervelig om 'n Christelike tydskrif te lees, maar soveel makliker om in 'n ander een te kyk?***

***Waarom word 'n brief met 'n godvresende strekking so maklik oorgeslaan, terwyl ons ander lees?***

***Waarom word die kerke al hoe kleiner terwyl die kroeë en dansklubs al groter word? Gee jy op? Dink daaroor na. Gaan jy hierdie verkondig ,of dit vergeet? Kom ons laat die Bidwiel rol - Kom ons kyk of die duiwel hierdie een kan stuit! Hier is waaroor dit gaan wat die bidwiel aanbetref: wanneer jy hierdie ontvang, doen 'n gebed vir die persoon wat jy voel jou tenagekom het en jou familie en vriende... Dit is al wat jy moet doen... en aanskou die werking van God se gebedsverhoring in jou lewe. Moet asseblief nie die bidwiel stop nie. Van al die gawes wat ons vryelik kan ontvang, is Gebed die heel beste een. Daar is geen onkoste nie, slegs wonderlike belonings...***

**GODS SEËN!** ***Mag God jou bewaar en jou seën!!***

# Voorsitter verslag :

Goeie dag almal.

Ek weet nie van julle nie maar ek is beslis nou ‘n voorstander vir kampe by Amigos.

Dit is ook nie net omdat ons so lekker vis gevang het nie. Dit is net ‘n baie mooi en skoon oord.

Daar is natuurlik hier en daar ‘n paar klein goedjies wat kan verbeter maar ek is seker dat as dit vir julle gepla het sal dit deurkom in die terugvoering vorms. Soos julle weet word al die informasie netjies verwerk en dan met die volgende kamp met julle bespreek. Die informasie word dan ook met die oord gedeel om hulle te wys waar daar plek vir verbetering is. Daar is darem nie altyd net negatiewe terugvoering nie. Ek dink Amigo’s se bestuur het ons nogal goed behandel en dit sal beslis so aan hulle oorgedra word.

Baie dankie aan die gashere vir die naweek, Frans en Annatjie Klopper en hul kinders, Francois en Arelene. Dit was ‘n lekker rustige naweek.

Baie geluk aan die wenner van die hengel kompetisie, Kallie Enslin. Lyk my hy weet baie van hengel maar niks van son beskermings middels nie. Sy arme vrou moes maar die hele middag vure op sy lyf blus met daardie botteltjie “after burn”

Sondag se kerkdiens is waargeneem deur Frans Klopper. Dit was so reg in die kol, n voltreffer wat menige van ons se harte aangeraak het.

Ons fonds insameling vir die AJV het ook die naweek afgeskop. Ek hoop dat julle almal hard aan die werk is om die kaartjies verkoop te kry. Ek is tans besig om te werk aan ‘n prys vir die persoon wat die meeste kaartjies verkoop. Julle sal moet opskud………ek het al 3 boekies verkoop. Kyk hoe wen ek nog die prys!

Onthou die fondse gaan net so vir SAWA en ons AJV in Augustus. Ons beplan iets wat julle nog nie in SAWA belewe het tydens ‘n AJV nie.

Tydens die laaste kamp was daar gevra of daar enige iemand nog met ons is wat belangstel om aan te gaan met die Vaalrivier Brigade 55+. Daar was absoluut geen belangstelling van julle af nie. Dit laat ons nou met ‘n besluit of ons die ding moet ontbind of nie. Meeste van julle geniet dit net om te kamp. Dit maak nie saak of julle 20 of 80 jaar oud is nie. Die idée wat ons as bestuur het is om almal saam te kamp sonder om sekere mense volgens ouderdom in spesifieke groepe te wil druk nie. Ons het absolute respek vir ons “jonger” lede en wil hulle graag saam met ons hê….met elke kamp.

Daar is tans ‘n idée om die “jonger” lede in streeksverband te probeer saamtrek en dan kampe saam te organiseer. Sou iemand hierin belangstel, moet julle asseblief net met ons kontak maak.

Ons volgende kamp is dan nou by Suikerbosrand en nie die musiek naweek by Koppisol soos gewoonlik nie. Die musiek naweek sal dan nou tydens die gebiedskamp aangebied word. Dis nou natuurlik as ek ‘n borg kan kry vir dit. Die ekonomie druk maar so ‘n bietjie en die ouens in duidelik nie meer so vrygewig nie.

Laasjaar het julle ons verras met die doedie kamp en daar was byna 40 waens en dit was amper winter. Gaan julle dit weer die jaar doen?

Beste wense,

Francois

# VOLGENDE KAMP

| | |
|---|---|
| **FEBRUARIE** | **Suikerbosrand (Karee kloof) 20—22** |
| **R230 vir die eerste 4 persone (R40 p.p. daarna max.6)** | |
| **Plus R10 vir plaatjie.** | |

**SAWA streef daarna om**

- **vir Afrikaans-georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.**
- **vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.**
- **die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.**
- **die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf. in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daavoor te huldig**

**SAWA onderskryf die volgende waardes:**

**Christenskap**
**Lojaliteit**
**Respek**
**Integriteit**
**Eerlikheid**
**Diensbaarheid**
**Verdraagsaamheid**

3.

**Daar is nuwe verwikkelige op die SAWA webwerf**

**Die adres is www.sawa.org.za**

**Klik dan op "Vaalrivier" en sien wat is aan die gebeur.**

**Besoek gerus die ander streke ook.**

## ALGEMEEN

1

**Inligting in verband met die jagkompetisie—Die plaas is in Limpopo provinsie, 25 kilos van Alldays af. Op die Waterpoort pad. Dit is 'n teerpad tot by die plaas se afdraai.**

**Die plaas is so 500 kilometer van Vanderbijlpark af.**

**2.**

**Die volgende mense het gedurende Januarie verjaar, maar dit was nie geplaas nie.**

Ouma Arelene Somerset het die 2de Januarie



en

Zorica Hirschhorn het op 26 .Januarie verjaar





# FOTO BLAD TE Amigos















Grootste Vis



Swaarste sak

# FOTO BLAD TE Amigos (vervolg)










## FOTO BLAD TE Amigos (vervolg)

















## FOTO BLAD TE Amigos (Vervolg— Sondag rustigheid en staanplekke)





**Sonsondergang Saterdag 24 Januarie 2009 by Amigos**



**'n Baie rare verskynsel;** **By Amigos is die watervlak tans sowat 22% en dit mag dalk aanleiding gegee het dat Johan Campbell hierdie reggekry het. As u mooi oplet sal u sien dat die varswater mossel ook "gebyt" het aan die aas wat sowat 100 meter vanaf die kant gegooi was. Ek het intussen by baie ervare henelaars gaan kers opsteek en dit wil voorkom of so iets nie aldag voorkom nie. Hoewel daar nou nie 'n prys hiermee gewen is nie kan Johan homself baie gelukkig ag en miskien moet hy maar die foto bewaar.**


## ***Vorige kamp:***

Statistieke :Vaalrivier : 21

Besoekers : 2

***Gashere by AMIGOS***



## *Die pensioenaris hoekie*

**Goeie dag aan al ons seniors in jare, " Dit was darem maar 'n heerlike kamp wat ons by Amigos gehad het"**


**Die manne het kitare gespeel en gesing tot na middernag op die vrydagaand. Dit wys nou maar net weer dat ons kan!!**

**Dit is jammer dat ons so min seniors teenwoordig was toe die punt aangeraak was Saterdagmiddag met die mannewales van ouds—ons het darem baie wedervaringe wat ons kon deel met julle wat nog nie so lank kamp nie. Dit sou heerlik gewees het om soos in my vorige skrywe te kon besluit wat ons wanneer wil doen en ook iemand te kon verkies wat as sameroeper kan optree in die plek van Berie Smith. Miskien sal daar by Suikerbosrand kans daarvoor wees. Dit moet egter nie 'n poging wees om ons tydens kampe af te sonder nie. Ons moet met die gashere in te val met die temas van daardie naweek. Die mense doen baie moeite. Dit behoort eerder te wees om ons eie dinge te doen, miskien 'n dag of twee vroeër by die oord op te daag as die ander en dan ons eie ding doen totdat die ander opdaag. Ons kan mos, want ons het die tyd. Hoewel geld altyd skaars is, maar dit is my eie mening.**

**Groete tot by die volgende kamp.**

**Die Skim**



## Lief

PJ Johnson—nuwe woonwa en sleep voertuig

Fanie Erasmus—nuwe voertuig

## Leed

Kloppers gesin verloor 'n jong familielid in motorfiets ongeluk.

Fanie en Anzan Bezuidenhoud—moeder oorlede.

Magriet Doubell—Oorlede (Overvaal ) altyd gehelp op gebied kampe.

## *Huweliksherdenkings :*

### FEBRUARIE

| | |
|---|---|
| Marius & Nella Venter | 2 |
| Fanie & Hilda Erasmus | 6 |
| Jacques & Sonja Roux | 17 |
| Wally & Berie Smith | 19 |
| Gerhard & Odette v d Merwe | 26 |


## *VERJAARSDAE:*

**FEBRUARIE: Dogters**

| | |
|---|---|
| Petro Botha | 13 |
| Elaine-Marie Victor | 15 |
| Cailin Richardson | 23 |
| Lulu Buys | 28 |

**FEBRUARIE: Seuns**

| | |
|---|---|
| Lyle Richardson | 12 |
| Pieter Strydom | 13 |




## *VERJAARSDAE:*

**FEBRUARIE: Dames**

| | |
|---|---|
| Alta Kachelhoffer | 2 |
| Brenda van Wyk | 5 |
| Danita van Wyk | 19 |
| Susan du Preez | 22 |
| Cecilia du Plessis | 25 |
| Ansa Wilken | 27 |

**FEBRUARIE: Mans**

| | |
|---|---|
| Johan Pretorius | 1 |
| Andries Haasbroek | 9 |
| Harm Venter | 9 |
| Frans Kloppers | 9 |
| James Kennedy | 10 |
| Andre van Brakel | 11 |
| Danie van Niekerk | 11 |
| Willie Scoultz | 15 |
| Muller du Plessis | 16 |



**Waar alles begin het**


*"Dit het alles in 1961 begin toe die geldstelsel van ponde na rande verander het, en my oortrokke bankrekening verdubbel het. Ek was net besig om daaraan gewoond te raak, toe bring hulle kilogramme in die plek van ponde en onse, en my oes verminder met die helfte. Toe verander hulle die reënval van duime na millimeter, en ons het sedert daardie tyd nog nie weer 'n duim reën gehad nie. Wat doen hulle toe? Bring 'n ding genaamd Celsius en die temperatuur daal met twintig grade. Geen wonder my mielies wil nie groei nie. Asof dit nie genoeg was nie, verander hulle grond, van morge na hektaar, en my plaas se grootte verminder met die helfte van wat ek oorspronklik geërf het. Dit is toe dat ek besluit om die plaas te verkoop. En glo my. Ek het pas my plaas in die mark gesit, toe verander hulle myle na kilometer. Nou is my plaas so vêr uit die dorp, dat niemand daarin belang stel nie!"* **Koos van der Merwe**

**Vanoggend terwyl ek (minding my own business-as men normally do) op die snelweg ry, kyk ek oor my skouer en sien 'n vrou hier langs my ... in 'n splinternuwe Polo, met haar gesig tot teenaan die truspieëltjie gedruk, besig om maskara aan te sit.**

**Kan jy dit glo?**
**Ek het net vir 'n paar sekondes weggekyk, maar toe ek my weer kon kry, is sy halfpad oor in my baan, nog steeds besig met haar maskara..**

**Nou kyk, as 'n man skrik ek normaalweg nie maklik nie. Maar die vroumens het my so die horries gegee dat ek my elektriese skeermes uit my hand laat val het, wat op sy beurt die "Steak & Kidney pie" uit my ander hand laat glip het en 'n gemors op die "gear-lever" laat los het. In die hele deurmekaarspul terwyl ek die kar probeer stuur met my knieë -glip die selfoon toe weg van my oor, drop in die vuurwarm Wimpy koffie tussen my bene, verbrand vir my dat ek gil van pyn en my sigaret voor in my hemp laat val.**

**Die gevolg: my selfoon is kis, my beste hemp vol gate gebrand, ek het 'n belangrike oorsese oproep verloor en ek gaan baie ongemaklik loop vir die volgende ruk...... Simpel vroumens-bestuurders.......**



**Stories uit die outyd van toeka se dae voorgedra deur Frans, Fanie, oom Dup en vele ander met die tema— "My grootste verleentheid" - Daar was die wat nie te skaam was wat vertel het en die ander het geluister. Dit is afgesluit met koek en tee wat deur die oord aan ons voorsien was.—baie dankie.**

